1 April 2011

alg 2

Geagte Ouers/Voogde

1. SKOOLVAKANSIE
2. SKOOLGELDE
3. VERKIESING: BEHEERLIGGAAMLID
4. KWARTAALPROGRAM
5. LMS FONDSINSAMELING
6. SUPERSPAR
7. TERUG NA 1

1. **SKOOLVAKANSIE**
As gevolg van die landwye swak prestasie in die Jaarlikse Nasionale Assessering is die paasvakansie gekanselleer en moet alle leerlinge en personeel op Maandag, 4 April 2011 by die skool rapporteer. Agterstande wat geïdentifiseer is sal dan gedurende hierdie week aangespreek word.

2. **SKOOLGELDE**
Baie dankie aan alle ouers wie se skoolgelde op datum is. Met die oog op skoolopening op 11 April 2011 versoek ons vriendelik dat inbetalings by die bank gedoen kan word gedurende die vakansie.

3. **VERKIESING: BEHEERLIGGAAMLID**
As gevolg van persoonlike werksomstandighede was Mnr. Louis Terblanche verplig om te bedank as lid van die Beheerliggaam. Mnr. John Kitching is tans gekoöpteer op die Beheerliggaam. Daar moet egter 'n verkiesing gehou word om die vakature te vul.

Ouers moet asseblief kennis neem van die volgende verkiesingsinligting.

Verkiesing om 'n Ouerverteenwoordiger op die Beheerliggaam te verkies:

WANNEER : Dinsdag, 10 Mei 2011
WAAR : LMS Skoolsaal
TYD : 18:00

LET WEL: Indien 'n kworum van 15% van die totale getal ouers nie teenwoordig is nie, sal 'n volgende verkiesingsvergadering plaasvind op Dinsdag, 24 Mei 2011.

NOMINASIEVORMS: Norminasievorms vir kandidate is by die skoolkantoor beskikbaar en moet volledig voltooi word deur 'n voorsteller, sekondant en die kandidaat. Nominasievorms moet asseblief voor/op Maandag, 9 Mei 2011 by die skool ingehandig word.

4. **PROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2011**
Die program vir die tweede kwartaal is reeds op Vrydag, 25 Maart 2011 uitgedeel vir ouers se aandag. Hou die program asseblief byderhand vir kennisname van aktiwiteite en vir u eie beplanning.

Ons bevestig weer dat 28 en 29 April 2011 afgekeur is deur die onderwysowerhede om skoolvakansiedae te wees. Die skoolprogram verloop dus normaalweg op hierdie dae.

5. **LMS FONDSINSAMELING**
Die volgende aksies word in die vooruitsig gestel om fondse vir noodsaaklike projekte in te samel. Enkele projekte is:

* Uitbreiding van onthaal/verkope geriewe by ons sportvelde.
* Die aanvul van pawiljoene by die sportvelde
* Die oprig van 'n veiligheidsomheining by die Boerenstraat speel/sportterrein
* Die uitbreiding van bv. interaktiewe rekenaartegnologie in die klaskamers

Ouers se ondersteuning word gevra vir die volgende aksies:

* **Hengelkompetisie** te Bivanedam (23 – 25 September 2011).
  Ouergroepe betrokke by reëlings: Graad 4, 5 en 6 ouers.

* **Worsbroodjiestalletjie** tydens Veterane Motorskou (Saterdag, 18 Junie 2011).
  Ouergroepe betrokkie by reëlings: Graad R en Gr 1 ouers.

* **"Carboot Sale"** (Rommelverkoping) op sportvelde (Saterdag, 27 Augustus 2011).
  Ouergroepe betrokkie by reëlings: Graad 2 en Gr 3 ouers.

Ons vra ook algemene ondersteuning vir:

1. Die LMS Gholfdag op 23 Julie 2011
2. LMS Osbraai en Dans op 28 Oktober 2011

6. **SUPERSPAR - VRYHEID**

Die bestuurder van Superspar Vryheid, Mnr Stephen Smith het Superspar verbind tot 'n unieke wyse om fondse na die skool te kanaliseer asook om individue met afslag aanbiedinge te bevoordeel.

Die projek is reeds gedurende 2010 geloods en verskeie ouers het vorms voltooi vir deelname. Die Spar "Loyalty" kaarte is uiteindelik beskikbaar en sal aan ouers gegee word.

Ouers wat nie gedurende 2010 vorms voltooi het nie kan vorms by Spar of by die skool kom kry en voltooi.

Die werking van die projek in kort:

1. Vir elke aankope wat u maak – bied u kaart om te laat "swipe". 'n Gedeelte van u aankope bedrag word sodoende na die skool gekanaliseer.

2. Een dag per week – voorlopig gereël vir Vrydae kwalifiseer kaarthouers vir 'n 5% afslag op alle nie-promosie produkte.

Hoe meer ouers en LMS vriende dus die kaart met aankope gebruik, hoe groter voordeel trek die skool.

Dankie vir u ondersteuning in die verband.

7. **TERUG NA PUNT 1**

1 April – HA! HA! HA!
Geniet maar die vakansietyd saam met u kinders!

Groete

_____

PEET COETZEE
HOOF